



RAAD OP REKENINGKUNDIGE STANDAARDE

STANDAARD VAN ALGEMEEN ERKENDE

REKENINGKUNDIGE PRAKTYK

EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING

(AERP 17)

Erkenning

Hierdie Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) kom primêr uit die International Public Sector Accounting Standard (IPSAS) oor *Property, Plant and Equipment* wat deur die International Federation of Accountants se International Public Sector Accounting Standards Board (IPSASB) uitgegee is. Die International Federation of Accountants (IFAC) is in 1977 gestig met die missie om die professie deur geharmonieerde standaarde te ontwikkel en te verbeter. IPSASB het 'n omvattende korpus van IPSAS'e uitgegee, wat gebruik sal word om toekomstige Standaarde van AERP te produseer. Uittreksels uit die IPSAS oor *Presentation of Financial Statements* word met die toestemming van die IPSASB in hierdie Standaard van AERP gereproduseer.

Die goedgekeurde teks van die IPSAS'e is dié wat deur die IFAC in die Engelse taal gepubliseer is. Die IPSAS'e is vervat in die IFAC se Handbook of International Public Sector Accounting Pronouncements en kan verkry word van:

International Federation of Accountants

545 Fifth Avenue, 14th Floor

New York, New York 10017 USA

Internet: <http://www.ifac.org>

Kopiereg vir IPSAS'e, konsepte vir kommentaar en ander publikasies van die IPSASB is in die IFAC gevestig en die bepalinge en voorwaardes wat daaraan verbonde is, moet nagekom word.

Kopiereg © 2012 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag sonder voorafgaande toestemming van die Raad op Rekeningkundige Standaarde in 'n stelsel vir inligtingsontsluiting bewaar of in enige vorm of op enige wyse, elektronies, meganies, deur fotokopiëring, by wyse van 'n opname of andersins gereproduseer of weergegee word nie.

Toestemming om beperkte uittreksels uit die publikasie te reproduseer sal gewoonlik nie weerhou word nie.

Inhoud

Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk Eiendom, Aanleg en Toerusting

	Paragrawe
Inleiding	
Doelstelling	.01
Omvang	.02 – .05
Woordomskrywings	.06
Erkenning	.07 – .16
Infrastruktuurbates	.12
Aanvanklike koste	.13
Latere koste	.14 – .16
Meting by erkenning	.17 – .31
Koste-elemente	.21 – .27
Meting van koste	.28 – .31
Meting na erkenning	.32 – .79
Kosprysmodel	.33
Herwaardasie-model	.34 – .47
Waardevermindering	.48 – .73
Waardeverminderingsbedrag en waardeverminderingstydperk	.55 – .70
Waardevermindering metode	.71 – .73
Waardedaling	.74 – .75
Vergoeding vir waardedaling	.76 – .77
Onterkenning	.78 – .84
Openbaarmaking	.85 – .93
Oorgangsbepalings	.94 – .100
Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP	.94
Wysiging aan Standaarde van AERP	.95 – .100
Datum van inwerkingtrede	.101 – .102
Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP	.101
Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas	.102
Herroeping van die Standaard van AERP oor <i>Eiendom, Aanleg en Toerusting</i> (2004)	.103



AERP 17

Vergelyking met die International Public Sector Accounting Standard
oor *Property, Plant and Equipment* (Desember 2006)

EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING

Hierdie Standaard is oorspronklik in November 2004 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) uitgegee. Sedertdien is dit deur die volgende gewysig:

- Verbeterings aan die Standaarde van AERP wat in Februarie 2010 deur die Raad uitgegee is.
- Gevolglike wysigings toe die volgende Standaarde van AERP in werking getree het:
 - AERP 21 *Waardedaling van Niekontantgenererende Bates*
 - AERP 23 *Inkomste uit Nie-uitruiltransaksies (Belastings en Oordragte)*
 - AERP 26 *Waardedaling van Kontantgenererende Bates*
 - AERP 103 *Erfenisbates*
- Verbeterings aan die Standaarde van AERP wat in Maart 2012 deur die Raad uitgegee is.
- Gevolglike wysigings ná die hersiening van AERP 5 *Leenkoste* en AERP 100 *Gestaakte Bedrywighe* in 2013.
- Verbeterings aan die Standaarde van AERP wat in November 2013 deur die Raad uitgegee is.
- Gevolglike wysigings toe die volgende Standaarde van AERP in werking getree het:
 - AERP 105 *Oordragte van Funksies tussen Entiteite onder Gesamentlike Beheer*
 - AERP 106 *Oordragte van Funksies tussen Entiteite nie onder Gesamentlike Beheer nie*
 - AERP 107 *Samesmeltings*
- Wysigings aan die standaard van AERP oor *Beleggingseiendom en Eiendom, Aanleg en Toerusting* (2014) uitgegee op 26 Mei 2015.

'n Eksemplaar waarin die wysigings aangedui is wat aan AERP 17 aangebring is as deel van die wysigings aan die Standaarde van AERP oor *Beleggingseiendom en Eiendom, Aanleg en Toerusting* (2014) is op die webwerf beskikbaar.

Inleiding

Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk

Daar word ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig (WOFB), van die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) vereis om algemeen erkende rekeningkundige praktyk genaamd Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) te bepaal.

Die Raad moet AERP bepaal vir:

- (a) departemente (met inbegrip van nasionale en provinsiale en regeringskomponente);
- (b) openbare entiteite;
- (c) handelsentiteite (soos in die WOFB omskryf);
- (d) grondwetlike instellings;
- (e) munisipaliteite en rade, kommissies, maatskappye, korporasies, fondse of ander entiteite onder die eienaarsbeheer van 'n munisipaliteit; en
- (f) die Parlement en die provinsiale wetgewers.

Bogenoemde word gesamentlik “entiteite” genoem.

Die Raad het die toepassing van *International Financial Reporting Standards* (IFRS'e) uitgegee deur die *International Accounting Standards Board*, goedgekeur as AERP:

- (a) openbare entiteite wat die kriteria uiteengesit in Lasgewing 12 oor *The Selection of an Appropriate Reporting Framework by Public Entities*; en
- (b) entiteite onder die eienaarsbeheer van enige van hierdie entiteite.

Finansiële state moet beskryf word as sou dit aan Standaarde van AERP voldoen slegs indien hulle aan al die vereistes van elke toepaslike Standaard van AERP en enige verbandhoudende Vertolkings van die Standaarde van AERP voldoen.

Enige beperking op die toepaslikheid van spesifieke Standaarde of Vertolkings word in daardie Standaarde of Vertolkings van die Standaarde van AERP duidelik gemaak.

Die Standaard van AERP oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting* word in paragraaf .01 tot .93 uiteengesit. Alle paragrawe in hierdie Standaard van AERP is ewe gesaghebbend. Die status en gesag van bylaes word in die aanhef tot elke bylae behandel. Hierdie Standaard moet gelees word in die konteks van die doelstellinge daarvan, die grondslag vir gevolgtrekkings, indien toepaslik, die *Voorwoord tot Standaarde van AERP*, die *Voorwoord tot die Vertolking van die Standaarde van AERP* en die *Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State*.

Standaarde van AERP en Vertolkings van die Standaarde van AERP moet ook in samehang gelees word met enige lasgewings wat deur die Raad uitgegee word waarin oorgangsbepalings voorgeskryf word, asook saam met enige regulasies wat deur die Minister van Finansies uitgereik is ten opsigte van die datums van inwerkingtrede van die Standaarde van AERP, soos dit in die Staatskoerant gepubliseer is.



AERP 17

Daar kan 'n verwysing wees na 'n Standaard van AERP wat nog nie uitgegee is op die tydstip wanneer hierdie Standaard uitgegee word nie. Dit word gedoen om te vermy om die Standaarde wat reeds uitgegee is, te verander wanneer 'n latere Standaard uitgegee word. Paragraaf .11 van die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute* voorsien in die afwesigheid van uitdruklike leiding 'n grondslag vir die keuse en toepassing van rekeningkundige beleide.

Doelstelling

- .01 Die doel met hierdie Standaard is om die rekeningkundige behandeling voor te skryf vir eiendom, aanleg en toerusting sodat die gebruikers van finansiële state inligting oor 'n entiteit se belegging in sy eiendom, aanleg en toerusting en die veranderinge in sodanige belegging kan onderskei. Die vernaamste vraagstukke by die in rekening bring van eiendom, aanleg en toerusting is die erkenning van die bates, die vasstelling van hul drabedrae en die waardeverminderingskoste en waardedalingsverliese wat met betrekking tot hulle erken moet word.

Omvang

- .02 *'n Entiteit wat finansiële state ingevolge die toevallingsgrondslag van rekeningkunde opstel en aanbied, moet hierdie Standaard by die in rekening bring van eiendom, aanleg en toerusting toepas, behalwe:*

- (a) wanneer 'n ander rekeningkundige behandeling aanvaar is ooreenkomstig 'n ander Standaard van AERP;*
- (b) by biologiese bates wat met landboubedrywighede verband hou (kyk die Standaard van AERP oor Landbou);*
- (c) erfenisbates (kyk die Standaard van AERP oor Erfenisbates);*
- (d) die erkenning en meting van eksplorasië- en evaluasiëbates (kyk die International Financial Reporting Standard oor Exploration for and Evaluation of Mineral Resources;*
- (e) minerale regte en minerale reserwes soos olie, aardgas en vergelykbare nie-hernubare bronne; en*
- (f) die aanvanklike erkenning en aanvanklike meting van eiendom, aanleg en toerusting wat verkry is in 'n oordrag van funksies tussen entiteite onder gesamentlike beheer (kyk die Standaard van AERP oor Oordrag van Funksies tussen Entiteite onder Gesamentlike Beheer) of 'n samesmelting (kyk die Standaard van AERP oor Samesmeltings).*

Hierdie Standaard is egter van toepassing op eiendom, aanleg en toerusting wat gebruik word om die bates wat in (b) tot (d) beskryf word, te ontwikkel of in stand te hou.

- .03 Hierdie Standaard is van toepassing op eiendom, aanleg en toerusting, met inbegrip van:
- (a) gespesialiseerde militêre toerusting; en
 - (b) infrastruktuur bates.
- .04 Ander Standaarde van AERP kan erkenning vereis van 'n eiendoms-, aanleg- en toerustingsitem gegrond op 'n ander benadering as dié in hierdie Standaard. Die Standaard van AERP oor Hure vereis byvoorbeeld dat 'n entiteit sy erkenning van 'n item van gehuurde eiendom, aanleg en toerusting evalueer op grond van die oordrag van risiko's en voordele. In sulke gevalle word ander aspekte van die rekeningkundige behandeling vir hierdie bates, met inbegrip van

waardevermindering, egter deur hierdie Standaard voorgeskryf.

- .05 'n Entiteit wat vir beleggingseiendom die kosprysmodel gebruik ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Beleggingseiendom*, moet die kosprysmodel in hierdie Standaard gebruik.

Woordomsrywings

- .06 Die volgende terme word in hierdie Standaard gebruik, met die gespesifiseerde betekenis:

Drabedrag (vir die doel van hierdie Standaard) is die bedrag waarteen 'n bate erken word na aftrekking van enige opgehoopte waardevermindering en opgehoopte waardedalingsverliese.

Bateklas beteken 'n groepering van bates met 'n soortgelyke aard of funksie in 'n entiteit se bedrywighede, wat as enkele item vir die doel van openbaarmaking in die finansiële state aangetoon word.

Koste is die bedrag aan kontant of kontantekwivalente wat betaal is of die billike waarde van die ander teenprestasie wat gegee is om 'n bate te verkry op die tydstip van die verkryging of konstruksie daarvan.

Afskryfbare bedrag is die kosprys van 'n bate, of 'n ander bedrag wat die kosprys vervang, minus die reswaarde daarvan.

Waardevermindering is die sistematiese toedeling van die afskryfbare bedrag van 'n bate oor die nutsduur daarvan.

Entiteitspesifieke waarde is die huidige waarde of dienspotensiaal van die voordele wat 'n entiteit verwag om voort te vloei uit die voortgesette gebruik van 'n bate en uit die vervreemding daarvan aan die einde van die nutsduur daarvan of wat hy verwag om aan te gaan wanneer hy 'n las vereffen.

Eiendom, aanleg en toerusting is tasbare items wat:

- (a) vir gebruik in die produksie of voorsiening van goedere of dienste, vir verhuring aan andere of vir administratiewe doeleindes gehou word; en
- (b) na verwagting gedurende meer as een verslagdoeningstydperk gebruik sal word.

Die **reswaarde** van 'n bate is die geraamde bedrag wat 'n entiteit tans uit die vervreemding van die bate sou verkry, ná aftrekking van die geraamde koste van vervreemding, indien die bate reeds van die ouderdom en in die toestand sou wees wat aan die einde van die nutsduur daarvan verwag word.

Nutsduur is:

- (a) die tydperk waaroor 'n bate na verwagting vir gebruik deur 'n entiteit beskikbaar sal wees; of
- (b) die getal produksie- of soortgelyke eenhede wat na verwagting deur 'n entiteit uit die bate verkry sal word.

Terme wat in ander Standaarde van AERP omskryf word, word in hierdie

Standaard met dieselfde betekenis as in daardie ander Standaarde gebruik.

Erkenning

- .07 *Die kosprys van 'n eiendoms-, aanleg- en toerustingsitem moet as 'n bate erken word indien, en slegs indien:***
- (a) *dit waarskynlik is dat die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal geassosieer met die item na die entiteit sal vloei; en***
- (b) *die kosprys of billike waarde van die item betroubaar gemeet kan word.***
- .08** Items soos onderdele, reserwetoerusting en versieningstoerusting word ooreenkomstig hierdie Standaard erken wanneer dit aan die omskrywing van eiendom, aanleg en toerusting voldoen. Andersins word sulke items ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Voorraad* as voorraad geklassifiseer.
- .09** Hierdie Standaard skryf nie die meeteenheid vir erkenning voor nie, bv. wat 'n eiendoms-, aanleg- en toerustingsitem uitmaak nie. Oordeel moet derhalwe aan die dag gelê word by die toepassing van die erkenningsmaatstawwe op 'n entiteit se spesifieke omstandighede. Dit kan toepaslik wees om individueel onbelangrike items soos biblioteekboeke, rekenaarbykomstighede en klein toerustingitems saam te voeg en die maatstawwe op die totale waarde toe te pas.
- .10** 'n Entiteit evalueer ingevolge hierdie erkenningsbeginsel al sy eiendoms-, aanleg- en toerustingskoste op die tydstip waarop dit aangegaan word. Hierdie koste sluit koste in wat aanvanklik aangegaan is om 'n beleggingseiendom te verkry, asook koste wat daarna aangegaan is om by 'n eiendom by te voeg, deel daarvan te vervang of dit te versien.
- .11** Spesialis- militêre toerusting sal normaalweg voldoen aan die omskrywing van eiendom, aanleg en toerusting en moet ooreenkomstig hierdie Standaard as 'n bate erken word.

Infrastruktuurbates

- .12** Sommige bates word algemeen as “infrastruktuurbates” beskryf. Terwyl daar geen universeel aanvaarde omskrywing van infrastruktuurbates is nie, vertoon hierdie bates gewoonlik sommige of al die volgende kenmerke:
- (a) hulle is deel van 'n stelsel of netwerk;
- (b) hulle is gespesialiseer van aard en daar is nie alternatiewe gebruike vir hulle nie;
- (c) hulle is onroerend; en
- (d) hulle kan met vervreemding aan beperkings onderhewig wees.
- Alhoewel eienaarskap van infrastruktuurbates nie beperk is tot entiteite in die openbare sektor nie, word belangrike infrastruktuurbates dikwels in die openbare sektor aangetref. Infrastruktuurbates voldoen aan die omskrywing van eiendom, aanleg en toerusting en moet ooreenkomstig hierdie Standaard in rekening

gebring word. Voorbeelde van infrastruktuur bates is padnetwerke, rioolstelsels, water- en kragvoorsieningstelsels en kommunikasienetwerke.

Aanvanklike koste

- .13 Eiendoms-, aanleg- en toerusting items kan vir veiligheids- of omgewingsredes nodig wees. Alhoewel die verkryging van sodanige eiendom, aanleg en toerusting nie regstreeks die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal van enige bepaalde bestaande eiendoms-, aanleg- en toerusting item verhoog nie, kan dit vir 'n entiteit nodig wees ten einde die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal uit sy ander bates te bekom. Sodanige eiendoms-, aanleg- en toerusting items kwalifiseer vir erkenning as bates omdat hulle 'n entiteit in staat stel om toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal uit verwante bates te bekom wat meer is as wat verkry sou kon word indien daardie items nie verkry is nie. Die brandveiligheidsregulasies kan byvoorbeeld voorskryf dat 'n hospitaal die onderdele in sy sprinkelstelsels deur nuwes vervang. Hierdie verbeterings word as 'n bate erken omdat die entiteit daarsonder nie in staat is om die hospitaal ooreenkomstig die regulasies te bedryf nie. Die voortspruitende drabedrag van so 'n bate en verwante bates moet egter vir waardedaling nagegaan word ooreenkomstig die Standaarde van AERP oor *Waardedaling van Kontantgenererende Bates* of *Waardedaling van Niekontantgenererende Bates*, soos toepaslik.

Latere koste

- .14 Ingevolge die erkenningsbeginsel in paragraaf .07 erken 'n entiteit nie in die drabedrag van 'n eiendoms-, aanleg- en toerusting item die koste van die dag-tot-dag-instandhouding van die item nie. Hierdie koste word eerder in surplus of tekort erken namate dit aangegaan word. Koste van dag-tot-dag-instandhouding is hoofsaaklik die koste van arbeid en verbruiksgoedere, en kan die koste van onderdele insluit. Die doel met hierdie uitgawes word dikwels beskryf as 'vir die herstel en instandhouding' van die eiendoms-, aanleg- en toerusting item.
- .15 Dit mag nodig wees om dele van sommige eiendoms-, aanleg- en toerusting items met gereelde tussenposes te vervang. 'n Pad se oppervlak moet byvoorbeeld elke paar jaar vervang word, 'n smeltoond se voering moet na 'n gespesifiseerde getal ure vervang word, of 'n vliegtuig se sitplekke en bedieningsruimtes sal verskeie kere tydens die gebruiksduur van die vliegtuig vervang moet word. Dit kan ook nodig raak om eiendoms-, aanleg- en toerusting items minder dikwels te vervang, byvoorbeeld die vervanging van die binnemure van 'n gebou, of om 'n eenmalige vervanging te doen. Ingevolge die erkenningsbeginsel in paragraaf .07 erken 'n entiteit in die drabedrag van 'n eiendoms-, aanleg- en toerusting item die vervangingskoste van deel van so 'n item waar daardie koste aangegaan word as daar aan die erkenningsmaatstawwe voldoen word. Die drabedrag van daardie dele wat vervang word, word ooreenkomstig die onderkeningsbepalings van hierdie Standaard onterken (kyk paragraaf .73 tot .79).
- .16 'n Voorwaarde vir die voortgesette bedryf van 'n eiendoms-, aanleg- en toerusting item (byvoorbeeld 'n vliegtuig) kan die uitvoering van gereelde groot

AERP 17

inspeksies vir gebreke wees, ongeag of dele van die item vervang word. Wanneer elke groot inspeksie uitgevoer word, word die koste daarvan in die drabedrag van die eiendoms-, aanleg- en toerustingsitem as 'n vervanging erken indien daar aan die erkenningsmaatstawwe voldoen word. Enige oorblywende drabedrag van die koste van die vorige inspeksie word (in teenstelling met fisiese dele) onterken. Dit vind plaas ongeag of die koste van die vorige inspeksie in die transaksie waarin die item verkry of saamgestel is, geïdentifiseer is. Indien nodig kan die geraamde koste van 'n toekomstige vergelykbare inspeksie gebruik word as 'n aanduiding van die koste van die bestaande inspeksiekomponent toe die item verkry of saamgestel is.

Meting by erkenning

- .17 'n Eiendoms-, aanleg- en toerustingsitem wat vir erkenning as 'n bate kwalifiseer, moet teen sy kosprys gemeet word.**
- .18 Waar 'n bate deur 'n nie-uitruiltransaksie verkry word, moet die koste daarvan teen die billike waarde daarvan soos op die verkrygingsdatum gemeet word.**
- .19 'n Eiendoms-, aanleg- en toerustingsitem kan deur middel van 'n nie-uitruiltransaksie verkry word. Grond kan byvoorbeeld deur 'n ontwikkelaar aan 'n munisipaliteit oorgedra word teen 'n nul- of nominale teenprestasie om die munisipaliteit in staat te stel om parke, paaie en sypaadjies te ontwikkel. 'n Bate kan ook deur middel van 'n nie-uitruiltransaksie verkry word deur die uitoefening van onteieningsregte. Onder sulke omstandighede is die koste van die item die billike waarde daarvan op die verkrygingsdatum. By die vasstelling van die billike waarde van 'n eiendoms-, aanleg- en toerustingsitem wat deur middel van 'n nie-uitruiltransaksie verkry is, moet die entiteit die beginsels in paragraaf .35 tot .38 toepas.
- .20 Vir die doel van hierdie Standaard behels die meting by erkenning van 'n eiendoms-, aanleg- en toerustingsitem wat deur middel van 'n nie-uitruiltransaksie teen sy billike waarde in ooreenstemming met die vereistes van paragraaf .18 verkry is, nie 'n herwaardasie nie.

Koste-elemente

- .21 Die kosprys van 'n eiendoms-, aanleg- en toerustingsitem behels:
 - (a) die koopprys daarvan, met inbegrip van invoerregte en nie-terugbetaalbare koopbelasting, na aftrekking van handelsafslag en kortings;
 - (b) enige koste wat regstreeks toeskryfbaar is aan die bring van die bate tot op die plek en in die toestand wat nodig is om bedryf te kan word op die wyse soos deur die bestuur bedoel; en
 - (c) die aanvanklike raming van die koste van die aftakeling en verwydering van die item en die herstel van die terrein waarop dit geleë is, waarvoor die verpligting deur 'n entiteit aangegaan is óf wanneer die item verkry word óf weens die gebruik van die item gedurende 'n bepaalde tydperk vir ander

doeleindes as om gedurende daardie tydperk voorraad te produseer.

- .22 Voorbeelde van regstreeks toeskryfbare koste is:
- (a) koste van werknemervoordele (soos omskryf in die Standaard van AERP oor *Werknemervoordele*) wat regstreeks uit die konstruksie of verkryging van die eiendoms-, aanleg- en toerustingsitem voortspruit;
 - (b) koste van voorbereiding van die terrein;
 - (c) aanvanklike lewering en hanteringskoste;
 - (d) installasie- en monteringskoste;
 - (e) die koste om te toets of die bate behoorlik funksioneer, ná aftrekking van die netto opbrengs op die verkoop van enige items wat geproduseer is terwyl die bate na daardie ligging en tot daardie toestand gebring is (soos monsters wat tydens toetsing van die toerusting geproduseer is); en
 - (f) professionele gelde.
- .23 'n Entiteit pas die Standaard van AERP oor *Voorraad* toe op die koste van verpligtinge ten opsigte van die sloping, verwydering en herstel van die terrein waarop 'n item geleë is en wat gedurende 'n bepaalde tydperk aangegaan is omdat die item gedurende daardie tydperk gebruik is om voorraad te produseer. Die verpligtinge ten opsigte van koste wat ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Voorraad* of hierdie Standaard in rekening gebring is, word ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Voorsienings, Voorwaardelike Aanspreeklikhede en Voorwaardelike Bates* erken en gemeet.
- .24 Voorbeelde van koste wat nie koste van 'n eiendoms-, aanleg- en toerustingsitem is nie, is:
- (a) koste van opening van 'n nuwe fasiliteit;
 - (b) koste van bekendstelling van 'n nuwe produk of diens (met inbegrip van die koste van advertering en promosieaktiwiteite);
 - (c) koste van die bedryf van 'n onderneming in 'n nuwe ligging of met 'n nuwe klas klante (met inbegrip van die koste van personeelopleiding); en
 - (d) administrasie- en ander algemene bokoste.
- .25 Erkenning van koste in die drabedrag van 'n eiendoms-, aanleg- en toerustingsitem staak wanneer die item op die plek en in die toestand is wat dit moontlik maak om dit te bedryf soos wat die bedoeling van die bestuur daarmee is. Derhalwe word koste wat vir die gebruik of herontplooiing van 'n item aangegaan is, nie in die drabedrag van daardie item ingesluit nie. Die volgende koste word byvoorbeeld nie in die drabedrag van 'n eiendoms-, aanleg- en toerustingsitem ingesluit nie:
- (a) koste wat aangegaan is terwyl 'n item wat bedryf kan word soos wat die bedoeling van die bestuur daarmee is, nog in gebruik gestel moet word of teen minder as sy volle kapasiteit bedryf word;
 - (b) aanvanklike bedryfsverliese, soos dié wat aangegaan word terwyl die vraag

die produksie van die item besig is om op te bou; en

- (c) koste van hervestiging of herorganisering van 'n deel van of al die bedrywighede van die entiteit.
- .26 Sommige bedrywighede vind plaas in verband met die konstruksie of ontwikkeling van 'n eiendoms-, aanleg- en toerustingsitem, maar is nie nodig om die item te bring na die ligging en tot die toestand wat nodig is om dit te kan bedryf soos wat die bedoeling van die bestuur daarmee is nie. Hierdie bykomstige bedrywighede kan voor of tydens die konstruksie- of ontwikkelingsbedrywighede voorkom. Inkomste kan byvoorbeeld verdien word deur die gebruik van 'n bouperseel as 'n parkeerterrein tot tyd en wyl daar met die konstruksie begin word. Omdat bykomstige bedrywighede nie nodig is om 'n item na die ligging en tot die toestand te bring wat nodig is om dit te kan bedryf soos wat die bedoeling van die bestuur daarmee is nie, word die inkomste en verwante uitgawes ten opsigte van bykomstige bedrywighede in surplus of tekort erken en in hul onderskeie klassifikasies van inkomste en uitgawes ingesluit.
- .27 Die koste van 'n selfgeboorte bate word vasgestel met gebruik van dieselfde beginsels as vir 'n verkrygte bate. Indien 'n entiteit vergelykbare bates vir verkoop in die normale gang van sake maak, is die kosprys van die bate gewoonlik dieselfde as die koste van konstruksie van 'n bate vir verkoop (kyk die Standaard van AERP oor *Voorraad*). Derhalwe word enige interne surplusse uitgeskakel om sodanige koste uit te kom. Insgelyks word die koste van abnormale hoeveelhede vermorste materiaal, arbeid of ander hulpbronne wat tydens die selfkonstruksie van 'n bate gebruik word, nie by die kosprys van die bate ingesluit nie. Die Standaard van AERP oor *Leenkoste* stel maatstawwe vas vir die erkenning van rente as 'n komponent van die drabedrag van 'n selfgeboorte eiendoms-, aanleg- en toerustingsitem.

Meting van koste

- .28 Die kosprys van 'n eiendoms-, aanleg- en toerustingsitem is gelyk aan die kontantprys op die erkenningsdatum. Indien betaling tot meer normale kredietbepalings uitgestel word, word die verskil tussen die kontantprysekwivalent en die totale betaling as rente oor die krediettermyn erken, tensy sodanige rente in die drabedrag van die item erken word ooreenkomstig die toegelate alternatiewe behandeling in die Standaard van AERP oor *Leenkoste*.
- .29 Een of meer eiendoms-, aanleg- en toerustingsitems kan verkry word in ruil vir 'n niemonetêre bate of bates, of 'n kombinasie van monetêre en niemonetêre bates. Die volgende bespreking verwys gewoon na 'n uitruiling van een niemonetêre bate vir 'n ander, maar dit geld ook vir alle veranderinge wat in die vorige sin beskryf word. Die koste van sodanige eiendoms-, aanleg- en toerustingsitem word teen billike waarde gemeet indien die billike waarde van nóg die bate wat ontvang word nóg die bate wat prysgegee word, betroubaar gemeet kan word. Die verkrygte item word op hierdie manier gemeet, selfs indien 'n entiteit nie die bate wat prysgegee word, onmiddellik kan ontken nie. Indien die verkrygte item nie teen billike waarde gemeet word nie, word die kosprys daarvan gemeet teen die drabedrag van die bate wat prysgegee word.

AERP 17

- .30 Die billike waarde van 'n bate waarvoor vergelykbare marktransaksies nie bestaan nie, kan betroubaar gemeet word indien (a) die veranderlikheid in die reeks redelike billikewaarde-ramings nie vir daardie bate beduidend is nie of (b) die waarskynlikhede van die onderskeie ramings binne die reeks redelikerwys geraam en in die raming van billike waarde gebruik kan word. Indien die entiteit in staat is om die billike waarde van óf die bate wat ontvang is óf die bate wat prysgegee is betroubaar vas te stel, word die billike waarde van die bate wat prysgegee is, gebruik om koste van die bate wat ontvang word te meet, tensy die billike waarde van die bate wat ontvang word, duideliker blyk.
- .31 Die kosprys van 'n eiendoms-, aanleg- en toerustingsitem wat ingevolge 'n bruikhuur deur 'n huurder gehou word, word ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Hure* vasgestel.

Meting ná erkenning

- .32** *'n Entiteit moet óf die kosprysmodel in paragraaf .33 óf die herwaardasiemodel in paragraaf .34 kies as sy rekeningkundige beleid en moet daardie beleid op 'n algehele klas eiendom, aanleg en toerusting toepas.*

Kosprysmodel

- .33** *Ná erkenning as 'n bate moet 'n eiendoms-, aanleg- en toerustingsitem teen die kosprys daarvan minus enige opgehoopte waardevermindering en enige opgehoopte waardedalingsverliese gedra word.*

Herwaardasiemodel

- .34** *Ná erkenning as 'n bate moet 'n eiendoms-, aanleg- en toerustingsitem waarvan die billike waarde betroubaar gemeet kan word, teen 'n herwaardeerde bedrag gedra word, synde die billike waarde daarvan op die datum van die herwaardasie minus enige daaropvolgende opgehoopte waardevermindering en daaropvolgende opgehoopte waardedalingsverliese. Herwaardasies moet gereeld genoeg gedoen word ten einde te verseker dat die drabedrag nie wesenlik verskil van dit wat vasgestel sou kon word indien billike waarde op die verslagdoeningsdatum gebruik sou word nie. Die rekeningkundige behandeling vir herwaardasies word in paragraaf .44 en .45 uiteengesit.*
- .35** Die billike waarde van grond- en gebou-items word gewoonlik op grond van markgebaseerde bewyse deur waardasie bepaal. Die billike waarde van aanleg- en toerustingsitems is gewoonlik die markwaarde daarvan wat deur waardasie bepaal word. Vir baie bates sal die billike waarde maklik bepaalbaar deur verwysing na gekwoteerde pryse in 'n aktiewe en vloeibare mark. Huidige markpryse kan byvoorbeeld gewoonlik vir grond, nie-gespesialiseerde geboue, motorvoertuie en baie soorte aanleg en toerusting verkry word. 'n Waardasie van die bate mag onderneem word deur 'n lid van die waardeerdersberoep wat oor 'n erkende en toepaslike professionele kwalifikasie beskik, of deur 'n ander kundige met die nodige bevoegdheid om sodanige waardasies ooreenkomstig die vereistes van die betrokke Standaarde van AERP te doen. Die waardeerder of ander kundige mag in diens van die entiteit wees.
- .36** Vir sommige bates kan dit moeilik wees om hul markwaarde te bepaal weens die afwesigheid van marktransaksies vir daardie bates. Sommige entiteite kan beduidende hoeveelhede van sulke bates besit.
- .37** As daar geen bewyse beskikbaar is om die markwaarde van 'n eiendomsitem op 'n aktiewe en likiede mark vas te stel nie, kan die billike waarde van die item vasgestel word met verwysing na ander items met vergelykbare kenmerke, in vergelykbare omstandighede en in 'n vergelykbare ligging. Die billike waarde van onbeboude grond wat lank gehou is in 'n tydperk toe daar min transaksies was, kan byvoorbeeld geraam word met verwysing na die markwaarde van grond met

AERP 17

vergelykbare kenmerke en topografie en in 'n vergelykbare ligging waarvoor markbewyse beskikbaar is. In die geval van gespesialiseerde geboue en ander mensgemaakte strukture kan dit vir 'n entiteit nodig wees om billike waarde met gebruik van 'n benadering van afgeskryfde vervangingskoste te raam. In baie gevalle kan die afgeskryfde vervangingskoste van 'n bate vasgestel word met verwysing na die koopprys van 'n vergelykbare bate met vergelykbare oorblywende dienspotensiaal op 'n aktiewe en likiede mark. In sommige gevalle sal 'n bate se reproduksiekoste die beste aanwyser van die vervangingskoste daarvan wees. In die geval van 'n verlies kan 'n parlamentsgebou vanweë die betekenis daarvan vir die gemeenskap byvoorbeeld liewer gereproduseer word as om dit deur alternatiewe akkommodasie te vervang.

- .38 Indien daar vanweë die gespesialiseerde aard van die aanleg- en toerustingsitem geen markgebaseerde bewyse van billike waarde bestaan nie, kan dit nodig wees dat 'n entiteit billike waarde raam met gebruik van byvoorbeeld óf reproduksiekoste óf afgeskryfde vervangingskoste. Die afgeskryfde vervangingskoste van 'n aanleg- en toerustingsitem kan vasgestel word met verwysing na die markkoopprys van komponente wat gebruik word om die bate te produseer of die indeksprys vir dieselfde of 'n vergelykbare bate gegrond op 'n prys vir 'n vorige tydperk. Indien die indeksprysmetode gebruik word, moet oordeel aan die dag gelê word om vas te stel of produksietegnologie beduidend oor die tydperk verander het, en of die kapasiteit van die verwysingsbate dieselfde is as dié van die bate wat gewaardeer word.
- .39 Die gereeldheid van herwaardasies hang van die veranderinge in die billike waardes van die eiendoms-, aanleg- en toerustingsitems wat herwaardeer word, af. Indien die billike waarde van 'n herwaardeerde bate wesenlik van die drabedrag daarvan verskil, is 'n verdere herwaardasie nodig. Sommige eiendoms-, aanleg- en toerustingsitems ervaar beduidende en wisselvallige veranderinge in billike waarde, sodat jaarlikse herwaardasie nodig is. Sodanige gereelde herwaardasies vir eiendoms-, aanleg- en toerustingsitems met slegs geringe veranderinge in billike waarde is onnodig. In plaas daarvan kan dit nodig wees om die item slegs elke drie of vyf jaar te herwaardeer.
- .40 Wanneer 'n eiendoms-, aanleg- en toerustingsitem herwaardeer word, word enige opgehoopte waardevermindering op die datum van herwaardasie op een van die volgende maniere behandel:
- proporsioneel hersaamgestel met die verandering in die bruto drabedrag van die bate sodat die drabedrag van die bate ná herwaardasie gelyk is aan die herwaardeerde bedrag daarvan. Hierdie metode word dikwels gebruik wanneer 'n bate deur middel van die toepassing van 'n indeks op sy afgeskryfde vervangingswaarde herwaardeer word; of
 - afgeskryf teen die bruto drabedrag van die bate en die netto bedrag hersaamgestel as die herwaardeerde bedrag van die bate. Hierdie metode word dikwels vir geboue gebruik.

Die bedrag van die aansuiwering wat uit die hersamestelling of afskrywing van die opgehoopte waardevermindering voortspruit, maak deel uit van die styging of daling in die drabedrag wat ooreenkomstig paragraaf .44 en .45 in rekening

gebring word.

- .41 As 'n eiendoms-, aanleg- en toerustingsitem herwaardeer word, moet die hele klas eiendom, aanleg en toerusting waartoe daardie bate behoort, herwaardeer word.**
- .42 'n Klas van eiendom, aanleg en toerusting is 'n groepering van bates van 'n vergelykbare aard of funksie in 'n entiteit se bedrywighede. Die volgende is voorbeelde van afsonderlike klasse:
- (a) grond;
 - (b) bedryfsgeboue;
 - (c) paaie;
 - (d) masjinerie;
 - (e) elektrisiteitsoordragnetwerke;
 - (f) skepe;
 - (g) vliegtuie;
 - (h) gespesialiseerde militêre toerusting;
 - (i) motorvoertuie;
 - (j) meubels en vaste toebehore; en
 - (k) kantoortoerusting.
- .43 Die items binne 'n klas van eiendom, aanleg en toerusting word gelyktydig herwaardeer om die selektiewe herwaardasie van bates en die verslagdoening oor bedrae in die finansiële state wat 'n mengsel van kosprys en waardes op verskillende datums is te voorkom. 'n Bateklas kan egter op 'n deurlopende grondslag herwaardeer word, mits herwaardasie van die bateklas binne 'n kort tydperk afgehandel word en mits die herwaardasies bygehou word.
- .44 Indien die drabedrag van 'n bate as gevolg 'n herwaardasie verhoog word, moet die verhoging regstreeks na 'n herwaardasiesurplus gekrediteer word. Die verhoging moet egter in surplus of tekort erken word in die mate waarin dit 'n herwaardasieverlaging van dieselfde bate wat voorheen in surplus of tekort erken is, omswaai.**
- .45 Indien die drabedrag van 'n bate as gevolg van 'n herwaardasie verlaag word, moet die verlaging in surplus of tekort erken word. Die verlaging moet egter regstreeks in netto bates gedebiteer word in die mate waarin enige kredietsaldo ten opsigte van daardie bate in die herwaardasiesurplus bestaan. Die verlaging wat regstreeks in netto bates erken word, verminder die bedrag wat onder die opskrif herwaardasiesurplus in netto bates opgehoop is.**
- .46 'n Deel van of die hele herwaardasiesurplus wat ten opsigte van 'n eiendoms-, aanleg- en toerustingsitem by netto bates ingesluit is, kan regstreeks na opgehoopte surplusse of tekorte oorgedra word wanneer die bate onterken word.

AERP 17

Dit kan die oordrag van sommige of die geheel van die surplus behels wanneer die bates waarop die surplus betrekking het, vroeg aan diens onttrek of vervreem word. Dele van die surplus kan egter oorgedra word namate die bates deur 'n entiteit gebruik word. In so 'n geval is die bedrag van die surplus wat oorgedra is, die verskil tussen waardevermindering wat op die herwaardeerde drabedrag van die bates gegrond is en waardevermindering gegrond op die bates se oorspronklike koste. Oordragte van herwaardasiesurplus na opgehoopte surplusse of tekorte word nie deur surplus of tekort gedoen nie.

- .47 Riglyne oor enige uitwerking van belastinge op inkomste wat uit die herwaardering van eiendom, aanleg en toerusting voortspruit, word ooreenkomstig die International Accounting Standard oor *Income Taxes* erken en openbaar gemaak.

Waardevermindering

- .48 ***Elke deel van 'n eiendoms-, aanleg- en toerustingsitem met 'n kosprys wat beduidend met betrekking tot die totale koste van die item is, moet afsonderlik afgeskryf word.***
- .49 'n Entiteit deel die bedrag wat aanvanklik ten opsigte van 'n eiendoms-, aanleg- en toerustingsitem erken is, aan sy belangrike dele toe en skryf elkeen van daardie gedeeltes afsonderlik af. Daar sal byvoorbeeld in die meeste gevalle vereis word dat die entiteit die sypaadjies, padbeddinglae, randstene en vore, voetpaadjies, brûe en verligting binne 'n padstelsel afsonderlik afskryf. Insgelyks kan dit raadsaam wees om die vliegdraam en motore van 'n vliegtuig, hetsy dit besit word of onderhewig is aan 'n bruikhuur, afsonderlik af te skryf.
- .50 'n Belangrike deel van 'n eiendoms-, aanleg- en toerustingsitem kan 'n nutsduur en 'n waardeverminderingsmetode hê wat dieselfde is as die nutsduur en die waardeverminderingsmetode van 'n ander belangrike deel van daardie selfde item. Sulke dele kan gegroepeer word vir die vasstelling van die waardeverminderingkoste.
- .51 In die mate waarin 'n entiteit sommige dele van 'n eiendoms-, aanleg- en toerustingsitem afsonderlik afskryf, skryf hy ook die restant van die item afsonderlik af. Die restant bestaan uit die dele van die item wat nie individueel belangrik is nie. indien 'n entiteit wisselende verwagtinge vir daardie dele koester, kan benaderingstegnieke nodig wees om die restant op 'n manier af te skryf wat die verbruikspatroon en/of nutsduur van die dele daarvan getrou weergee.
- .52 'n Entiteit kan kies om die dele van 'n item wat nie 'n kosprys het wat beduidend ten opsigte van die totale koste van die item is nie, afsonderlik af te skryf.
- .53 ***Die waardeverminderingkoste vir elke tydperk moet in surplus of tekort erken word, tensy dit in die drabedrag van 'n ander bate ingesluit is.***
- .54 Die waardeverminderingkoste vir 'n tydperk word gewoonlik in surplus of tekort erken. Soms word die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat in 'n bate beliggaam is, egter in die produsering van ander bates geabsorbeer. In daardie geval maak die waardeverminderingkoste deel uit van die koste van die

AERP 17

ander bate en is by die drabedrag daarvan ingesluit. Die waardevermindering van vervaardigingsaanleg en -toerusting is byvoorbeeld by die omskeppingskoste van voorraad ingesluit (kyk die Standaard van AERP oor *Voorraad*). Eweneens kan die waardevermindering van eiendom, aanleg en toerusting wat vir ontwikkelingsbedrywighede gebruik word, ingesluit word by die kosprys van 'n onroerende bate wat ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Ontasbare Bates* erken word.

Afskryfbare bedrag en waardeverminderingstydperk

- .55** *Die afskryfbare bedrag van 'n bate moet op 'n sistematiese grondslag oor die nutsduur daarvan toegedeel word.*
- .56** *'n Entiteit moet op elke verslagdoeningsdatum oordeel of daar enige aanduiding is dat die entiteit se verwagtinge omtrent die reswaarde en die nutsduur van 'n bate sedert die voorafgaande verslagdoeningstydperk verander het. Die verandering(e) moet in rekening gebring word as 'n verandering in 'n rekeningkundige raming ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute.*
- .57** *In die bepaling of daar enige aanduiding is dat die verwagte nutsduur van die bate verander het, oorweeg 'n entiteit die volgende aanduidings:*
- (a) Die samestelling van die bate het gedurende die verslagdoeningstydperk verander, d.w.s. die beduidende komponente van die bate het verander.*
 - (b) Die gebruik van die bate het verander, as gevolg van die volgende:*
 - (i) Die entiteit het die wyse verander waarop die bate gebruik word.*
 - (ii) Die entiteit het die benuttingskoers van die bate verander.*
 - (iii) Die entiteit het 'n besluit geneem om die bate in 'n toekomstige verslagdoeningstydperk(e) te vervreem, met die gevolg dat hierdie besluit die verwagte tydperk verander waarin die bate gebruik sal word.*
 - (iv) Tegnologiese, omgewings-, kommersiële of ander veranderinge wat gedurende die verslagdoeningstydperk plaasgevind het wat die gebruik van die bate verander het, of sal verander.*
 - (v) Wetlike of soortgelyke beperkings wat op die gebruik van die bate geplaas is, verander het.*
 - (vi) Die bate gedurende die verslagdoeningstydperk ongebruik was of uit diens gestel is.*
 - (c) Die bate besig is om die einde van sy voorheen verwagte nutsduur te*

nader.

- (d) Beplande herstelwerk en instandhouding aan, of opknappings van, die bate en/of die beduidende komponente daarvan is hetsy besig om gedoen te word of is vertraag.*
- (e) Omgewingsfaktore, bv. verhoogde reënval of humiditeit, ongunstige veranderinge in temperature of verhoogde blootstelling aan besoedeling.(f)*
- (f) Daar is bewyse dat die toestand van die bate verbeter of verswak het op grond van evaluerings wat gedurende die verslagdoeningstydperk onderneem is.*

Die bate geëvalueer word as dat dit verswak is, ooreenkomstig die Standaarde van AERP oor Waardedaling van Kontantgenererende Bates en Waardedaling van Niekontantgenererende Bates.

- .58 By die bepaling of daar enige aanduiding is dat die verwagte reswaarde van 'n bate verander het, moet 'n entiteit oorweeg of daar enige verandering in die verwagte tydsberekening van vervreemding van die bate was, asook enige toepaslike aanduidings wat in paragraaf .57 hierbo ingesluit is.*
- .59 Die lys van die aanwysers in paragraaf .57 en .58 is nie omvattend nie. Daar kan ander aanduidings wees dat die verwagte nuttige gebruiksduur of reswaardes van die bates verander het.*
- .60 Die gebruik van 'n bate kan verander het, of sal verander, op grond van 'n verskeidenheid gebeure wat gedurende die verslagdoeningstydperk plaasgevind het. Hierdie gebeure word in paragraaf .57(b) gelys. Hierdie gebeure kan ook daarop dui dat daar 'n verandering in die reswaarde van 'n bate was.*
 - (a) Die entiteit het die wyse verander waarop 'n bate in sy bedrywighede gebruik word, bv. 'n voertuig wat gebruik is om die aflewering te maak en ander administratiewe take te verrig word nou gebruik om die terreininspeksies van infrastruktuur in plattelandse gebiede te doen.*
 - (b) Die entiteit het die benutting van 'n bate verander, bv. 'n substasie wat voorheen teen slegs 50% van sy kapasiteit gewerk het, maar wat as gevolg van nuwe ontwikkelings in 'n gebied nou teen 80%-kapasiteit werk.*
 - (c) Die entiteit besluit om 'n bate in 'n toekomstige verslagdoeningstydperk te vervreem (wat insluit die verkoop daarvan, of oordrag aan 'n ander entiteit), wat die tydperk beïnvloed waartydens 'n bate gebruik sal word (sowel as die reswaarde daarvan). 'n Entiteit het byvoorbeeld voorheen ingestem om 'n spesifieke klas van bates elke 10 jaar te vervang, maar verander sy beleid gedurende die jaar om hierdie bates elke sewe jaar te vervang.*

(d) Veranderinge buite sowel as binne die entiteit kan die nutsduur van bates beïnvloed. Voorbeelde van hierdie veranderinge word hieronder gelys.

(i) Eksterne veranderinge: Nuwe tegnologie wat op die mark beskikbaar is, kan infrastruktuur verouderd maak, hetsy in die huidige of 'n toekomstige verslagdoeningstydperk.

(ii) Interne veranderinge: Die entiteit stel 'n beleid in om infrastruktuur meer omgewingsvriendelik of volhoubaar te maak, wat beteken dat bestaande infrastruktuur op spesifieke tye vervang sal word.

(iii) Interne veranderinge: As gevolg van die hoë koste van instandhouding van spesifieke infrastruktuur, neem die entiteit 'n kommersiële besluit om hierdie infrastruktuur oor 'n bepaalde tydperk te vervang.

(e) 'n Entiteit bedryf of gebruik dikwels bates wat aan spesifieke wetlike of ander beperkings onderworpe is, bv. 'n huurkontrak, 'n lisensie, veiligheids- of omgewingspesifikasies, ens.

Indien 'n bate nie gedurende die verslagdoeningstydperk gebruik word nie of uit aktiewe gebruik gestel word, kan dit nodig wees om die nutsduur te heroorweeg.

.61 'n Entiteit moet vasstel of daar enige aanduiding is dat die verwagte nutsduur van die bate verander het, op grond daarvan of die toestand van die bate verbeter of agteruitgegaan het. Dit word gegrond op enige toestandsevaluering van sy bates wat die entiteit gedurende die verslagdoeningstydperk onderneem het. Paragraaf .60(f) moet nie gelees word as sou dit 'n toestandsevaluering op elke verslagdoeningsdatum vereis nie. Toestandsevaluering sal deur entiteite vir geselekteerde of geïdentifiseerde bates as deel van sy deurlopende batebestuur onderneem word. In plaas daarvan moet enige inligting wat beskikbaar is uit toestandsevaluering wat gedurende die verslagdoeningstydperk onderneem is, gebruik word om te evalueer of die nutsduur van spesifieke bates verander behoort te word.

.62 In die bepaling van die vraag of die toestand van 'n bate verbeter of verswak het, moet die stadium van die bate se lewensiklus oorweeg word. Na gelang bates verouder, word 'n sekere vlak van agteruitgang verwag. Dit is slegs indien 'n afname in die toestand hoër is as wat verwag word dat 'n deeglike ontleding van die impak op die nutsduur van die bate nodig sou wees. Dieselfde geld indien 'n bate in 'n beter as verwagte toestand is.

.63 Nutsduur

Die nutsduur van 'n bate word omskryf aan die hand van die bate se verwagte nut vir die entiteit. Die batebestuursbeleid van die entiteit kan die vervreemding van bates ná 'n gespesifiseerde tyd of ná die verbruik van 'n spesifieke gedeelte van die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat in die bate vervat is, behels. Daarom kan die nutsduur van 'n bate korter as die ekonomiese

lewensduur daarvan wees.

- .64 Die beraming van die nutsduur van die bate is 'n kwessie van oordeel gegrond op die ervaring van die entiteit met soortgelyke bates. 'n Entiteit oorweeg alle feite en omstandighede in die berekening van die nutsduur van bates, wat insluit die oorweging van finansiële, tegniese en ander faktore.

Afskryfbare bedrag

- .65 Waardevermindering word erken selfs as die billike waarde van die bate die drabedrag daarvan oorskry, solank die bate se reswaarde nie die drabedrag daarvan oorskry nie. Die herstel en instandhouding van 'n bate negeer nie die behoefte om waardevermindering daarop toe te pas nie.
- .66 Die afskryfbare bedrag van 'n bate word vasgestel ná aftrekking van die reswaarde daarvan. In die praktyk is die reswaarde van 'n bate dikwels onbenullig en derhalwe nie wesenlik in die berekening van die afskryfbare bedrag nie.
- .67 **Die reswaarde van 'n bate kan toeneem tot 'n bedrag gelyk aan of groter as die bate se drabedrag. Indien dit die geval is, is die bate se waardeverminderingskoste nul, tensy en totdat die reswaarde daarvan in 'n later stadium afneem tot 'n bedrag laer as die bate se drabedrag.**
- .68 Die waardevermindering van 'n bate begin wanneer dit vir gebruik beskikbaar raak, d.w.s. wanneer dit op die plek en in die toestand is wat nodig is vir die bedryf daarvan soos deur die bestuur bedoel. Die waardevermindering van 'n bate staak op die datum waarop die bate onterken word. Derhalwe hou waardevermindering nie op wanneer die bate nie gebruik word nie of aan aktiewe diens onttrek en vir vervreemding gehou word nie, tensy die bate ten volle afgeskryf word. Ooreenkomstig gebruiksmetodes van waardevermindering kan die waardeverminderingskoste egter nul wees terwyl daar geen produksie is nie.
- .69 Grond en geboue is skeibare bates en word afsonderlik in rekening gebring, selfs wanneer hulle saam verkry is. Behoudens sekere uitsonderings, soos steengroewe en terreine wat vir grondopvulling gebruik word, het grond 'n onbeperkte nutsduur en word waardevermindering daarvan derhalwe nie gedoen nie. Geboue het 'n beperkte nutsduur en is derhalwe afskryfbare bates. 'n Toename in die waarde van die grond waarop 'n gebou staan, raak nie die vasstelling van die afskryfbare bedrag van die gebou nie.
- .70 Indien die kosprys van grond die koste van terreinsloping, verwydering en herstel insluit, word die gedeelte van die grondbate se waarde oor die tydperk van voordele of dienspotensiaal wat deur die aangaan van daardie koste verkry is, verminder. In sommige gevalle kan die grond self 'n beperkte nutsduur hê, in welke geval dit afgeskryf word op 'n manier wat die voordele of dienspotensiaal wat daaruit verkry kan word, weerspieël.

Waardeverminderingsmetode

- .71 **Die waardeverminderingsmetode wat gebruik word, moet die patroon weergee waarin die bate se toekomstige ekonomiese voordele of**

dienspotensiaal na verwagting deur die entiteit verbruik sal word.

- .72** *Die waardeverminderingmetode wat op 'n bate toegepas word, moet ten minste op elke verslagdoeningsdatum nagegaan word en, indien daar 'n beduidende verandering was in die verwagte verbruikspatroon van toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat in die bate beliggaam is, moet die metode verander word om die veranderde patroon weer te gee. So 'n verandering moet in rekening gebring word as 'n verandering in 'n rekeningkundige raming ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute.*
- .73** 'n Verskeidenheid van waardeverminderingmetodes kan gebruik word om die afskryfbare bedrag van 'n bate op 'n sistematiese grondslag oor sy nutsduur toe te deel. Hierdie metodes sluit die reguitlynmetode, die verminderdesaldo-metode en die produksie-eenheidmetode in. Reguitlyn-waardevermindering lei tot 'n konstante debiet oor die nutsduur daarvan indien die bate se reswaarde nie verander nie. Die verminderdesaldo-metode het 'n afnemende debiet oor die nutsduur tot gevolg. Die produksie-eenheidmetode lei tot 'n debiet gegrond op die verwagte gebruik of uitset. Die entiteit kies die metode wat die verwagte verbruikspatroon van die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat in die bate beliggaam is, die beste weerspieël. Daardie metode word konsekwent van tydperk tot tydperk toegepas tensy daar 'n verandering is in die verwagte verbruikspatroon van daardie toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal.

Waardedaling

- .74** Om te bepaal of 'n eiendoms-, aanleg- en toerustingsitem in waarde gedaal het, moet 'n entiteit die Standaard van AERP oor *Waardedaling van Kontantgenererende Bates* of *Waardedaling van Niekontantgenererende Bates*, soos toepaslik, aanwend. Hierdie Standaard verduidelik hoe 'n entiteit die drabedrag van sy bates nagaan, hoe hy die verhaalbare bedrag of verhaalbare diensbedrag van 'n bate vasstel en wanneer hy 'n waardedalingsverlies erken of die erkenning daarvan omswaai.
- .65** 'n Plan om 'n bate voor die voorheen verwagte datum te vervreem is 'n aanwyser van waardedaling, wat die berekening van 'n bate se verhaalbare bedrag of verhaalbare diensbedrag vereis vir doeleindes van vasstelling of waarde van die bate gedaal het.

Vergoeding vir waardedaling

- .76** *Vergoeding van derdes vir eiendoms-, aanleg- en toerustingsitems wat in waarde gedaal het, verloor is of prysgegee is, moet in surplus of tekort ingesluit word wanneer die vergoeding ontvangbaar word.*
- .77** Waardedalings of verliese van eiendoms-, aanleg- en toerustingsitems, verwante eise vir of betalings van vergoeding van derdes en enige daaropvolgende aankoop of konstruksie van vervangingsbates is afsonderlike ekonomiese

gebeure en word soos volg afsonderlik in rekening gebring:

- (a) waardedalings van eiendoms-, aanleg- en toerustingsitems word erken ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Waardedaling van Kontantgenererende Bates of Waardedaling van Niekontantgenererende Bates*, soos toepaslik;
- (b) onderkenning van eiendoms-, aanleg- en toerustingsitems wat aan aktiewe diens onttrek word of vervreem word, word ooreenkomstig hierdie Standaard vasgestel;
- (c) vergoeding van derdes vir eiendoms-, aanleg- en toerustingsitems wat in waarde gedaal het, verloor is of prysgegee is, moet in die vasstelling van surplus of tekort ingesluit word wanneer die vergoeding ontvangbaar word; en
- (d) die koste van eiendoms-, aanleg- en toerustingsitems wat herstel, aangekoop of as vervangings saamgestel word, word ooreenkomstig hierdie Standaard vasgestel.

Onterkenning

.78 Die drabedrag van 'n eiendoms-, aanleg- en toerustingsitem moet onderken word:

- (a) **met vervreemding (met inbegrip van vervreemding deur 'n nie-uitruiltransaksie); of**
- (b) **wanneer geen toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal van sy gebruik of vervreemding verwag word nie.**

.79 Die wins of verlies wat voortspruit uit die onderkenning van 'n eiendoms-, aanleg- en toerustingsitem moet in surplus of tekort ingesluit word wanneer die item onderken word (tensy die Standaard van AERP oor Hure ander vereistes vir 'n verkoop en terughuur stel).

.80 'n Entiteit wat in die loop van sy gewone bedrywighede eiendoms-, aanleg- en toerustingsitems verkoop wat hy vir verhuring aan andere gehou het, moet sulke bates teen die drabedrag daarvan na voorraad oordra wanneer hulle nie meer verhuur word nie en gehou word om verkoop te word. Die opbrengs uit die verkoop van bedoelde bates moet erken word ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Uitrultransaksies*.

.81 Die vervreemding van 'n eiendoms-, aanleg en toerustingsitem kan op verskillende maniere plaasvind (bv. deur verkoop, deur die aangaan van 'n bruikhuur of deur 'n nie-uitruiltransaksie). By die vasstelling van die datum van vervreemding van 'n item moet 'n entiteit die maatstawwe in die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Uitrultransaksies* toepas vir die erkenning van inkomste uit die verkoop van goedere. Die Standaard van AERP oor *Hure* is van toepassing op vervreemding deur 'n verkoop en terughuur.

.82 Indien 'n entiteit ingevolge die erkenningsbeginsel in paragraaf .07 die koste van 'n vervanging vir deel van die item in die drabedrag van 'n eiendoms-, aanleg- en

AERP 17

toerustingsitem erken, onderken hy die drabedrag van die vervangde deel ongeag of die vervangde deel afsonderlik afgeskryf is. As dit nie prakties uitvoerbaar is dat 'n entiteit vasstel wat die drabedrag van die vervangde deel is nie, mag hy die koste van die vervanging gebruik as 'n aanduiding van wat die koste van die vervangde deel was teen die tyd dat dit verkry of saamgestel is.

- .83 Die wins of verlies wat voortspruit uit die onderkenning van 'n eiendoms-, aanleg- en toerustingsitem moet vasgestel word as die verskil tussen die netto vervreemdingsopbrengs, indien daar is, en die drabedrag van die item.**
- .84** Die teenprestasie wat by vervreemding van 'n eiendoms-, aanleg- en toerustingsitem ontvangbaar is, word aanvanklik teen die billike waarde daarvan erken. Indien betaling vir die item uitgestel word, word die teenprestasie wat ontvang word, aanvanklik teen die kontantprysekwivalent erken. Die verskil tussen die nominale bedrag van die teenprestasie en die kontantprysekwivalent word ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Uitruiltransaksies* as rente-inkomste erken om die effektiewe opbrengs op die debiteur weer te gee.

Openbaarmaking

- .85 Die finansiële state moet vir elke klas eiendom, aanleg en toerusting wat in die finansiële state erken word, die volgende openbaar maak:**
- (a) die metingsgrondslae wat gebruik word vir die vasstelling van die bruto drabedrag;**
 - (b) die waardeverminderingsmetodes wat gebruik word;**
 - (c) die nutsduur of die waardeverminderingskoerse wat gebruik word;**
 - (d) die bruto drabedrag en die opgehoopte waardevermindering (saamgevoeg met opgehoopte waardedalingsverliese) aan die begin en die einde van die tydperk; en**
 - (e) 'n rekonsiliasie van die drabedrag aan die begin en einde van die tydperk, wat die volgende aantoon:**
 - (i) toevoegings;**
 - (ii) vervreemding;**
 - (iii) verkrygings deur 'n oordrag van pligte tussen entiteite onder gesamentlike beheer, 'n oordrag van pligte tussen entiteite nie onder gesamentlike beheer nie of 'n samesmelting;**
 - (iv) toenames of afnames wat voortspruit uit herwaardasies onder paragraaf .34, .44 en .45 (indien daar is);**
 - (v) waardedalingsverliese wat in surplus of tekort erken word ooreenkomstig die Standaarde van AERP oor Waardedaling van Kontantgenererende Bates of Waardedaling van Niekontantgenererende Bates, soos toepaslik (indien daar is);**
 - (vi) waardedalingsverliese wat in surplus of tekort omgeswaai is ooreenkomstig die Standaarde van AERP oor Waardedaling van**

Kontantgenererende Bates of Waardedaling van Niekontantgenererende Bates, soos toepaslik (indien daar is);

- (vii) waardevermindering;
- (viii) die netto valutaverskille wat uit die omrekening van die finansiële state van die funksionele geldeenheid na 'n ander aanbiedingsgeldeenheid voortspruit, met inbegrip van die omrekening van 'n buitelandse bedrywigheid tot die aanbiedingsgeldeenheid van die verslagdoenende entiteit; en
- (ix) ander veranderinge.

.86 Die finansiële state moet ook vir elke klas eiendom, aanleg en toerusting wat in die finansiële state erken word, die volgende openbaar maak:

- (a) die bestaan en omvang van beperkings op titel en eiendom, aanleg en toerusting wat as sekuriteite vir laste verpand word;
- (b) die omvang van kontraktuele verpligtinge vir die verkryging van eiendom, aanleg en toerusting; en
- (c) as dit nie in die staat van finansiële prestasie self afsonderlik openbaar gemaak word nie, die vergoedingsbedrag van derdes vir eiendoms-, aanleg- en toerustingsitems wat in waarde gedaal het, verloor is of prysgegee is en wat in surplus of tekort ingesluit is.

.87 'n Entiteit moet die volgende in die aantekeninge by die finansiële state openbaar maak ten opsigte van eiendom, aanleg en toerusting wat in die proses van konstruksie of ontwikkeling is:

- (a) Die kumulatiewe uitgawe erken in die drawaarde van eiendom, aanleg en toerusting. Hierdie uitgawes moet in totaal per bateklas openbaar gemaak word.
- (b) Die drawaarde van eiendom, aanleg en toerusting wat 'n beduidend langer tydperk neem om te voltooi as wat verwag is, met inbegrip van redes vir enige vertraginge.
- (c) Die drawaarde van eiendom, aanleg en toerusting waar bouwerk of ontwikkeling gestaak is, hetsy gedurende die huidige of vorige verslagdoeningstydperk(e). Die entiteit moet ook redes openbaar maak vir staking van die bouwerk of ontwikkeling van die bate en aandui of enige waardedulingsverliese met betrekking tot hierdie bates erken is.

In die voorsiening van die openbaarmakings in .87(b) en (c) moet 'n entiteit besluit hoe om die vereiste inligting aan te bied, d.w.s. individueel of in totaal, byvoorbeeld per projek, per klas of op 'n ander toepaslike grondslag.

.88 'n Entiteit moet uitgawes wat aangegaan is om eiendom, aanleg en toerusting te herstel en in stand te hou afsonderlik in die aantekeninge by die finansiële state openbaar maak.

.89 Aangesien entiteite verskillende grondslae vir die bepaling van uitgawes aan

AERP 17

herstelwerk en instandhouding kan toepas, moet 'n entiteit inligting openbaar maak oor die spesifieke koste wat ingesluit is by die bedrag van herstelwerk en instandhouding wat in die aantekeninge openbaar gemaak word. By die bepaling van die bedrag wat in die aantekeninge by die finansiële state openbaar gemaak word oor die uitgawes wat aangegaan is om eiendom, aanleg en toerusting te herstel en in stand te hou, mag 'n entiteit bedrae insluit wat aan diensverskaffers betaal is, asook bedrae wat aan materiaal bestee is en tyd wat deur werknemers aan herstelwerk en instandhouding van die bate(s) bestee is.

- .90 Die keuse van die waardeverminderingsmetode en die raming van die nutsduur van die bates is aangeleenthede wat oordeel verg. Derhalwe verskaf die openbaarmaking van die metodes wat aanvaar is en die geraamde nutsduur of waardeverminderingsskoerse aan die gebruikers van finansiële state inligting wat hulle in staat stel om die beleide wat deur die bestuur gekies is, na te gaan, en dit maak dit moontlik om vergelykings met ander entiteite te tref. Om soortgelyke redes is dit nodig om die volgende openbaar te maak:
- (a) waardevermindering oor 'n tydperk, hetsy dit in surplus of tekort of as deel van die koste van ander bates erken word; en
 - (b) opgehoopte waardevermindering aan die einde van die tydperk.
- .91 Ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute* openbaar 'n entiteit die aard en uitwerking van 'n verandering in 'n rekeningkundige raming wat in die lopende tydperk 'n gevolg het, of na verwagting in daaropvolgende tydperke 'n gevolg kan hê. Vir eiendom, aanleg en toerusting kan sodanige openbaarmaking voortspruit uit veranderinge in ramings met betrekking tot:
- (a) reswaardes;
 - (b) die geraamde koste van sloping, verwydering of herstel van eiendoms-, aanleg- en toerustingitems;
 - (c) nutsduur; en
 - (d) waardeverminderingsmetodes.
- .92 ***As eiendoms-, aanleg- en toerustingitems teen herwaardeerde bedrae aangetoon word, moet die volgende openbaar gemaak word:***
- (a) ***die inwerkingtredingsdatum van die herwaardasie;***
 - (b) ***die metodes en beduidende veronderstellings wat by die raming van die items se billike waardes toegepas is;***
 - (c) ***die mate waartoe die items se billike waardes regstreeks bepaal is met verwysing na waarneembare pryse in 'n aktiewe mark of onlangse marktransaksies op armlengtevoorwaardes of geraam is met behulp van ander waardasietegnieke; en***
 - (d) ***die herwaardasiesurplus, wat die verandering vir die tydperk en enige beperkings op die uitkering van die saldo aan eienaars van netto bates aandui.***

- .93 Ooreenkomstig die Standaarde van AERP oor Waardedaling van Kontantgenererende Bates of Waardedaling van Niekontantgenererende Bates, soos toepaslik, maak 'n entiteit inligting openbaar oor eiendom, aanleg en toerusting waarvan die waarde gedaal het, bykomend tot die inligting wat in paragraaf 85(e)(iv) tot (vi) vereis word.

Oorgangsbepalings

Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP

- .94 *Die oorgangsbepalings wat by die aanvanklike aanvaarding van hierdie Standaard deur entiteite toegepas moet word, word in ('n) lasgewing(s) voorgeskryf. Die bepalinge van hierdie Standaard moet met elke toepaslike lasgewing saamgelees word.*

Wysigings aan Standaarde van AERP

- .95 *Paragraaf .05, .19 en .20 is gewysig en paragraaf .75 is bygevoeg tydens die Verbeterings aan AERP wat op 1 April 2011 uitgereik is. 'n Entiteit moet hierdie wysigings vooruitwerkend toepas vir jaartydperke wat begin op of na 1 April 2011. As 'n entiteit verkies om hierdie wysigings vroeër toe te pas, moet dit so openbaar gemaak word.*
- .96 *Paragraaf 44, .45, .78, .81, en .85, is deur die Verbeterings aan die Standaarde van AERP wat op 1 April 2012 uitgereik is, gewysig. 'n Entiteit moet hierdie wysigings vooruitwerkend toepas ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Ramings en Foute.*
- .97 *Paragraaf .06, .08 en .29 is deur die Verbeterings aan die Standaarde van AERP wat op 1 April 2014 uitgereik is, gewysig. 'n Entiteit moet hierdie wysigings vooruitwerkend toepas vir jaartydperke wat begin op of na 1 April 2015. As 'n entiteit verkies om hierdie wysigings vroeër toe te pas, moet dit so openbaar gemaak word.*
- .98 *Wysigings aan paragraaf .88 en .89 met betrekking tot die openbaarmaking van uitgawes wat aangegaan is om eiendom, aanleg en toerusting te herstel en in stand te hou, moet vooruitwerkend toegepas word.*
- .99 *Wysigings aan paragraaf .86, met betrekking tot die skapping van aangemoedigde openbaarmakings, moet terugwerkend toegepas word.*
- .100 *Paragraaf .56, .57 tot .65, .86, .87 en .92 is gewysig deur die Wysigings aan die Standaarde van AERP oor Beleggingseiendom en Eiendom, Aanleg en Toerusting (2014) wat op 26 Mei 2015 uitgegee is. 'n Entiteit moet hierdie wysigings vooruitwerkend toepas ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Ramings en Foute.*

Datum van inwerkingtrede

Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP

- .101** 'n Entiteit moet hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat begin op of na 'n datum wat deur die Minister van Finansies bepaal moet word in 'n regulasie wat gepubliseer moet word ooreenkomstig artikel 91(1)(b) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig.
- .91**

Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas

- .102** 'n Entiteit moet wysigings aan hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat op of ná 1 April 2015 begin. Vroeëre toepassing word aangemoedig. Indien 'n entiteit hierdie Standaard vir 'n tydperk toepas wat voor 1 April 2015 begin, moet hierdie feit openbaar gemaak word.
- .92**

Herroeping van die Standaard van AERP oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting* (2004)

- .103** Hierdie Standaard vervang die vorige Standaard van AERP oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting* wat in November 2004 uitgegee is.
- .93**

Vergelyking met die International Public Sector Accounting Standard oor *Property, Plant and Equipment* (Desember 2006)

Die Standaard van AERP oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting* berus hoofsaaklik op die International Public Sector Accounting Standard oor *Property, Plant and Equipment* (IPSAS 17). Die vernaamste verskille tussen die Standaard van AERP oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting* en die International Public Sector Accounting Standard oor *Property, Plant and Equipment* is soos volg:

- Die Standaard van AERP oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting* het veranderinge tot April 2009 aan die International Accounting Standard oor *Property, Plant and Equipment* (IAS 16) aangebring ingevolge die verbeteringsprojek van die International Accounting Standards Board (IASB). Paragrafe wat ingesluit is, het betrekking op die uitsluiting van beleggingseiendom in aanbou.
- *IPSAS 17* verskaf riglyne oor eiendom, aanleg en toerusting wat verkry mag word in ruil vir nie-monetêre bates, waar dit die uitruiltransaksie ontbreek aan kommersiële inhoud. Hierdie riglyne is uitgesluit uit hierdie Standaard, aangesien riglyne ingesluit is in die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Nie-uitruiltransaksies*.
- Kragtens *IPSAS 17* kan herwaardasie stygings en -dalings op 'n bateklasgrondslag verreken word. Kragtens hierdie Standaard kan herwaardasie stygings en -dalings slegs teen die individuele bate verreken word.
- Hierdie standaard dui aan dat 'n evaluering van die nutsduur en reswaardes van bates jaarliks gedoen moet word, gegrond op die vraag of daar enige aanduiding is dat die vorige verwagtinge oor nutsduur en reswaardes sedert die vorige verslagdoeningstydperk verander het. Aanwysers gebruik word om hierdie evaluering te doen, is in die Standaard uiteengesit.
- Benewens die gebruik van 'n onafhanklike lid van die waardeerdersberoep om waardasies te doen, laat hierdie Standaard toe dat waardasies gedoen word deur 'n lid van 'n waardeerdersberoep, of dit mag ook gedoen word deur 'n kundige met die nodige bevoegdheid om sodanige waardasies ooreenkomstig die vereistes van die betrokke Standaarde van AERP te doen. Die waardeerder of deskundige mag intern of ekstern aan 'n entiteit wees en daar is geen vereiste om die onafhanklikheid van die waardeerder of kundige openbaar te maak nie.
- Hierdie Standaard vereis bykomende openbaarmakings met betrekking tot eiendom, aanleg en toerusting wat in die proses van konstruksie of ontwikkeling is. Dit vereis die openbaarmaking van die drawaarde van eiendom, aanleg en toerusting wat 'n beduidend langer tyd neem om te voltooi as wat verwag is, met inbegrip van redes vir enige vertraginge. Daar word ook openbaarmaking vereis van die drawaarde van eiendom, aanleg en toerusting waar konstruksie of ontwikkeling gestaak is, hetsy gedurende die huidige of vorige verslagdoeningstydperk(e), met inbegrip van redes vir sodanige staking.

AERP 17

asook enige waardedalingsverliese wat met betrekking tot hierdie bates erken is.

- Hierdie Standaard het die aangemoedigde openbaarmakings met betrekking tot eiendom, aanleg en toerusting verwyder.
- Hierdie Standaard vereis die afsonderlike openbaarmaking in die aantekeninge by die finansiële state van uitgawes wat aangegaan is om eiendom, aanleg en toerusting te herstel en in stand te hou, sowel as die grondslag wat gebruik is om sodanige uitgawes te bepaal.
- Oorgangsbepalings wat op hierdie Standaard van toepassing is, word anders hanteer as in IPSAS 17.
- Die bylae met die illustratiewe openbaarmaking is uit hierdie Standaard geskrap.